

Die Pad van Waarheid tot die Lewe



BybelVertalings Projek

Die Oorspronklike Taal van die Nuwe Verbond

OP SOEK NA DIE WAARHEID

Ontdek die hele Waarheid

Hoe moet ons יהוה—God vandag dien?

Die Waarheid
(Die Oorspronklike - Onveranderde)

Die Hele Waarheid
(Niks weggevat nie)

**Niks anders as die
Waarheid nie**
(Niks bygesit nie)

**Die Woord van God is die enigste Oorspronklike van God se Onveranderde
Woorde en Boodsappe.**

Dit is ons bron waaruit ons weet hoe om יהוה vandag te dien.

Op voorwaarde dat.....

Ons 'n ware begeerte het om te gehoorsaam.

Ons dit kan verstaan.

Geen veranderinge aangebring is nie.

maw

Dit 'n getroue weergawe van die oorspronklike is.

**Is die Woord van God - Bybel – wat ons vandag het in verskeie vertalings 'n ware /
korrekte vertaling / weergawe van die oorspronklike?**

Dit is nou, vanaf die Grieks wat mense beweer die oorspronklike is.

**Wat as dit nie is nie en die Nuwe Verbond nooit in Grieks geskryf is nie, maar na
Grieks vertaal is?**

**WAS DIE NUWE VERBOND (NUWE-TESTAMENT) OORSPRONKLIK IN
GRIEKS GESKRYF?**

**WAAROM IS AL DIE IDIOME, DIE NAME, DIE PLEKKE EN DIE
GRAMMATIKA DAN ARAMEES?**

**Het u al enige ware getuienis of bewys gesien dat die Nuwe Verbond in Grieks
geskryf is?**

Is daar enige bewys?

**Tog het almal van ons net aanvaar dat die Nuwe Verbond in Grieks geskryf is! Net
omdat daar so baie Griekse manuskripte is en niemand het ons ooit iets anders
gewys nie.**

Die Gevolge

■ As dit waar is, moet ons hele uitkyk en verstaan van die Woord van God verander. Dit is natuurlik as die Skrif ons teologie bepaal. Die Bybels wat ons gebruik is 'n vertaling van 'n vertaling. Vertaal vanaf 'n Oosterse Taal na 'n Westerse Taal, na 'n Moderne Taal. In die geval van Afrikaans ook nog die Latyns tussen-in.

Is dit net moontlik dat ons nog nie die volle openbaring van die Een Ware Skepper-God gesien het, soos wat Hy bedoel het ons dit moet sien nie? Is dit net moontlik, selfs ondenkbaar, dat mense verander het, bygevoeg het en weggelaat het by Sy gegewe Woord om by doktrine en selfsugtige begeertes te pas en om die vertalings aanvaarbaar te maak?

Spr 30:4

Sal ons vra: Wat is Sy Naam en die Naam van Sy Seun? Sekerlik weet jy!

Hoeveel keer kom die Persoonlike Naam van God voor in die Griekse Bybel?

Raai?

Hoeveel keer kom die Persoonlike Naam van God voor in jou Bybel?

Kan jy die vraag van Spr 30:4 antwoord vanuit jou Bybel?

Hoe kan jy die Naam van jou God ken as dit verwyder is uit jou Bybel?

Nee – dit is nie onbekend nie
Nee – dit is nie verbode nie
Nee – dit is nie Grieks nie !!!!

Ons het meer as genoeg bewyse dat die Nuwe Verbond geskryf is in Aramees – die taal wat Yeshua en Sy studentevolginge gepraat het.

In hierdie skrywe gaan ons net 'n samevatting maak van die bewyse wat daar is!!

Die “Khabouris” is die oudste bekende kopie van die Nuwe Verbond op die planeet; die Nuwe Verbond in Aramees, Yeshua se huistaal. Dit is ‘n kopie van ‘n tweede eeuse Nuwe Verbond en is hand-geskrewe in die antieke Aramese skrif (die Estrangelo skrif wat gebruik is tot ongeveer 100 na Yeshua) in ongeveer 165 na Yeshua.

Intern gedokumenteer as 100 jaar na die groot vervolging van gelowiges deur Nero, in 65 na Yeshua.

Dit is op lam-perkament geskryf en met die hand gebind tussen twee olyfhout kante met goue gespes, skarniere en hoeke versier. Die graffier was waarskynlik in antieke Nineveh (vandag se Mosul, Irak), volgens die ondertekening van die Biskop van die Kerk van Nineveh. In die erkenning, sertifiseer die Biskop (met sy handtekening en seël) dat die Khabouris ‘n getroue kopie is van die tweede eeuse oorspronklike.

Met tyd, verander ystergal ink, waarin die Khabouris geskryf is, van swart na bruin as gevolg van oksidasie en binding met Chemikalië.

Die yster gal ink se bruin kleur maak dit nou maklik om latere byvoegings of klinker merke, asook kantlyn aantekeninge op die bladsye te identifiseer.

Tipes bewyse wat ons gaan aanvoer

- **Eksterne / Historiese Bewyse**
- **Grammatikaal / Taalkundige Bewyse**
- **Woorde met dubbel betekenis as Bewyse**
- **Idiome wat gebruik is**

EKSTERNE- HISTORIESE Bewyse

- **Aramees was die dominante taal en Aramese kultuur die oorwegende kultuur van die Midde Ooste en Yisra'el vanaf die 7de eeu voor Yeshua tot die 6de eeu na Yeshua. – Nie Grieks nie!!**
- **Die taal is steeds gepraat in die streek tot na die sewende eeu – Nie Grieks nie!!**
- **Die Romeinse en Griekse Kerke was nie die enigstes wat staande gebly het deur die 1ste – 4de eeu nie! Neem kennis dat die Kerk van die Ooste (COE), wat Aramees gepraat het en steeds Assyries praat (dit is, om te sê "Neo-Aramees"), op rekord 'n volledige kolleksie van die Nuwe Testament het – geskryf in **Aramees!****
- **Yeshua en Sy studentevolginge het Aramees gepraat - genoem 'Chaldees' in Woordeboeke. 'n Dialek van Aramees.**

BEWYS ?

Eerstens 'n definisie: Hebreeus

■ Thayers NT Greek Lexicon for εβραϊζ

- “Hebrew, the Hebrew language, not however in which the OT was written but the Chaldee, which at the time of Jesus and His apostles had long supersede it in Palestine.”

- **Hand 9:29** en vrymoediglik in die Outoriteit en Karakter van Yeshua gepraat en ook met die Griekssprekende Jode gedebateer, maar hulle het probeer om hom dood te maak.....

Die NV verwys dus na sommige Jode wat na Yerushalayim gekom het wat kon Grieks praat. Dit is totaal anders as die stelling dat alle Jode Grieks gepraat het.

- **Hand 1:19** en dit het bekend geword aan al die inwoners van Yerushalayim sodat daardie stuk grond in die taal van die streek Gakal-D'ma genoem is, dit is ‘Bloedgrond,’

Die Woordeboek:

Ακελδαμα – van Aramese oorsprong...

Hulle normale, taal van die streek was - **Aramees**

- Hand 21:40 – Toe hy toestemming gee, gaan Sha’ul op die trappe staan en wys met die hand vir die mense en nadat hulle stil was, het hy met hulle in Aramees gepraat en vir hulle gesê: .
- Hand 26:14 – Ons het almal op die grond neergeval en ek het ‘n stem gehoor wat met my praat en in Aramees sê: ‘Sha’ul, Sha’ul, w...

Die gebruikstaal tussen Yeshua en Sha’ul – as Jode – was “Hebreeus” wat ons gesien het is verwysend na:

Aramees

- Josephus – die mees bekende Yisra’eli Geskiedkundige het verklaar dat hy nie Grieks goed genoeg magtig is om daarin te skryf nie!! Hy is in 37 nY gebore.
- “I have also taken a great deal of pains to obtain the learning of the Greeks, and understand the elements of the Greek language; although I have so accustomed myself to speak our own tongue, that I cannot pronounce Greek with sufficient exactness. For our nation does not encourage those that learn the language of many nations. On this account, as there have been many who have done their endeavors, with great patience, to obtain this Greek learning, there have yet hardly been two or three that have succeeded herein, who were immediately rewarded for their pains.” – Antiquities XX, XI 2. Geskryf in Aramees!
- Klink dit vir u of die mense Grieks gepraat het?

- **Yog 1:42** Hy het hom na Yeshua toe gebring en Yeshua het na hom gekyk en gesê: “Jy is Shim’on, die seun van Yoganan; jy sal Kefa genoem word.” (wat, as dit vertaal word, Petros is).

Petrus (Petros) se naam word verklaar as vertaal vanaf die Aramees (Kefa) – soos in 160 plekke in die Bybel.

Yeshua en Sy volgelingen het geskryf en gepraat in Aramees

Historiese Bewyse

- “Aramaic is thought to have first appeared among the Aramaeans about the late 11th century BC. By the 8th century BC it had become accepted by the Assyrians as a second language. The mass deportations of people by the Assyrians and the use of Aramaic as a lingua franca by Babylonian merchants served to spread the language, so that in the 7th and 6th centuries BC it supplanted Akkadian as the lingua franca of the Middle East.”

– Encyclopedia Britannica

- “The Persians used the Aramaic language because this tongue was the language of the two Semitic empires, the empire of Assyria and the empire of Babylon. Aramaic was so firmly established as the lingua franca that no government could dispense with its use as a vehicle of expression in a far-flung empire, especially in the western provinces. Moreover, without schools and other modern facilities, Aramaic could not be replaced by the speech of conquering nations.”

– Dr. George Mamishisho Lamsa

- Aramees, soos ons weet uit die Geskiedenis en die Bybel (dele van Ezra, Yirmeyahu en Dan’el is in Aramees geskryf), het die oorheersende taal geword onder die Yisra’eli. Tot en met vandag, nou dat die Jode teruggedraai het na Hebreeus, is die Aramese teenwoordigheid nog sterk in hulle tradisies, soos gesien in die woord “Bar Mitzvah” – waar die Aramese “Bar”, wat seun beteken, gebruik word in plaas van die Hebreeuse “Ben”. Dit is ook waar van baie name in die Bybel.

Verder

Aramees is die primêre taal van die “Rabbiniese Joodse” Mishnah (mondelingse wet) en twee Talmuds (vertalings). Die Aramesetaal het ‘n belangrike rol gespeel in die godsdiens van die Jode.

“If the Peshitta was around during the 330s and quoted by a high-ranking official of the Church of the East, how much farther back in time must it have originated? The late 200s....the early 200s....the late 100s....the early 100s.....the Apostles' hands?”

Paul Younan

- Mar Aphrahat – Goed gerespekteerde leier van die COE, het die Peshitta aan die begin van die 4^{de} eeu na YESHUA aangehaal.
- Aanhaling van Mar Aphrahat presies uit die Peshitta.

Datum van Mar Aphrahat se skrywe

At the end of section 5 of Demonstr. V. (Concerning Wars), the author reckons the years from the era of Alexander (B.C. 311) to the time of his writing as 648. He wrote therefore in A.D. 337--the year of the death of Constantine the Great.

Demonst. XIV. is formally dated in its last section, "in the month Shebat. in the year 655 (that is, A. D. 344). More fully, in closing the alphabetic series (XXII. 25) he informs us that the above dates apply to the two groups--the first ten being written in 337; the twelve that follow, in 344.

Soos die Tanakh geskryf is in antieke Hebreeus, is die Nuwe Verbond geskryf in Aramees.

Maak dit saak?

Sal jy graag 'n liefdesbrief wil lees wat vertaal is uit 'n Oosterse taal in 'n Westerse taal en dan na jou moderne taal?

Ek wil graag die oorspronklike lees!!

Dit maak ook saak as gevolg van die begrip van waaruit vertaal word.

- Die Griekse manier van dink
 - My kennis van God

- Die Aramese / Oosterse manier van dink
 - God openbaar Homself aan my.

GRAMMATIKALE Bewys.

Dit word al baie lank erken dat die Nuwe Verbond geskryf is in baie swak Griekse Grammatika, maar goeie Semitiese Grammatika.

Geleerdes het in detail die Semitiese grammatika in die Griekse Nuwe Testament uitgewys in die volgende skrywes.

- **“Our Translated Gospels” By Charles Cutler Torrey**
- **“Documents of the Primitive Church” by Charles Cutler Torrey**
- **“An Aramaic Approach to the Gospels and Acts” by Matthew Black**
- **“The Aramaic Origin of the Fourth Gospel” by Charles Fox Burney**
- **“The Aramaic Origin of the Four Gospels” by Frank Zimmerman**
- **“Semitisms of the Book of Acts” by Max Wilcox**

Gramatikale bewyse

- Baie sinne is omgekeerd, met ‘n werkwoord > S.nw formaat eie aan die Semitiese tale.
- Verder is daar talle plekke waar die ongebruikte “en“ voorkom.
- Behalwe vir die getuienis van die semitiese grammatika in die NV, is daar ook die getuienis van baie grammatikale foute in die Griekse NV boeke.
- Charles Cutler Torrey verwys na die grammatika in Openbaring as hy die volgende skryf: "...swarms with major offenses against Greek grammar." Hy noem dit: "linguistic anarchy", en sê, "**The grammatical monstrosities** of the book, in their number and variety and especially in their startling character, stand alone in the history of literature."

Torrey gee tien voorbeelde uit Openbaring:

1. **Rev. 1:4** "Grace to you, and peace, from he who is and who was and who is to come" (all nom. case)
2. **Rev. 1:15** "His legs were like burnished brass (neut. gender dative case) as in a furnace purified" (Fem. Gender sing. no., gen. case)
3. **Rev. 11:3** "My witness (nom.) shall prophesy for many days clothed (accus.) in sackcloth."
4. **Rev. 14:14** "I saw on the cloud one seated like unto a Son of Man (accus.) having (nom.) upon his head a golden crown."
5. **Rev. 14:19** "He harvested the vintage of The Earth, and cast it into the winepress (fem), the great (masc.) of the wrath of God."
6. **Rev. 17:4** "A golden cup filled with abominations (gen.) and with unclean things" (accus.) KJV
7. **Rev. 19:20** "The lake of blazing (fem.) fire (neut.)."
8. **Rev. 20:2** "And he seized the Dragon (accus.), the old serpent (nom.) who is the Devil and Satan, and bound him."
9. **Rev. 21:9** "Seven angels holding seven vessels (accus.) filled (gen.) with the seven last plagues."
10. **Rev. 22:5** "They have no need of lamplight (gen.) nor of sunlight (accus.).""

- Die Aramese teks van The Crawford MS. het geen sulke grammatikale probleme nie. Moet ons glo dat die oorspronklike in slegte Grieks geskryf is en dat die Aramese “vertaling” van Openbaring foutloos is?
- Ek vind geen vergelyk daarvoor in die Skrif nie, nie in die Tanakh of NV nie, net so min as wat die lering van inspirasie van die Skrif vir ‘n swak oorspronklike plek maak. Die beste argument wat ons kan gebruik is dat ons swak kopieë oor het van Openbaring wat se oorspronklike geen foute gehad het nie – dit sou verby snaaks wees om te vind dat geen oorspronklike dokument bewaar gebly het nie, maar net die foute! Aramees as oorspronklike klaar die probleem op;
- **Die Grieks is ‘n vertaling van die Aramese oorspronklike.**

Rom 8:15

Die Grieks het ‘n “Αββα” (Abba) wat nie ‘n Griekse woord is nie, nie eens ‘n leenwoord nie, maar ‘n Aramese woord, getransliterer in Griekse letters. Hoekom sou Sha’ul Aramese woorde geskryf het aan sg. Griekssprekendes in Rome (nie dat ek aanvaar hulle het Grieks gepraat nie)? Hoekom sal hy verklaar dat die Gees van aanvaarding in ons (Die Gees wat Afgesonderd is) ons sal laat uitroep “Αββα”, as hy nie vanaf ‘n Aramese oorspronklike werk nie? Hierdie woord, “Αββα” verskyn in die Griekse NV in Markos 14:36, hier en in Gal 4:6. Hoekom dit in die Grieks verskyn, word nie hanteer deur die voorstanders van ‘n Griekse oorspronklike nie.

Die Peshitta het baie voorbeelde van hierdie aard van transliterasie van Aramese woorde in Grieks. Die Grieks het geen sulke Griekse woorde wat in Aramees getransliterer is nie. (behalwe natuurlik vir 'n paar Griekse eiename)

?? 'n Geval van Kultuurverandering ??

OAV 1 Kor 10:32 Wees geen oorsaak van struikeling vir Jode of Grieke of vir die gemeente van God nie;

PWL - 1 Kor 10:32 Wees sonder oortreding vir die Jode, die Arameërs of vir die gemeente van God;

Die Grieks het “aan die Grieke”. Die Aramese NV boeke sou aan Jode en Arameërs gerig gewees het, aangesien beide Aramees gepraat het. Die Griekse NV het nooit “aan die Arameërs” in die 20 plekke waar die frase voorkom in die Peshitta nie; die Peshitta het nooit “aan die Grieke” waar die Griekse teks daardie frase het nie. Die Griekse vertaling is egter aan Grieke geskryf, nie aan dieselfde hoorders waarvoor die oorspronklike Aramees geskryf is nie. Interessant, die Griekse NV het geen verwysing na Aramees of Arameërs nie, nie eens na Siriërs nie (Na’aman, die Siriese leier, uitgesluit). Aan die ander kant het die Peshitta 8 verwysings na Grieks of Grieke. Dit lyk verdag en na ‘n Griekse herkulturering van Aramese verwysings in die NV.

ולא־רמִיא - and-to-the-Aramaeans = woord in die Peshitta gebruik.

Dubbel-Betekenis Woorde as Bewys

NB om te let daarop dat dit gaan oor die Griekse woorde wat verskil in Codexe
In die geheel van die Griekse NV manuskripte is daar BAIE afwykings en verskille. Skrywers het oor die jare, wat hulle gedink het, verbeterings gemaak – woorde is misverstaan vir ander woorde in die oorskrywe en (in ‘n paar gevalle) is woorde ingeskryf of verwyder volgens mense se leerstellings. Ons het vandag die tegnologie om die meeste van hierdie verskille na te volg en uit te vind waar kom hulle vandaan, maar soms duik hulle sommer net op vanaf nêrens.

Definisie

“Sometimes the entire body of the Greek New Testament codexes is divided right down the middle with a variance, half of them containing one word, while half of them contain another. These are known as "Split Words." And, surprisingly enough, a lot of them seem to be explainable by an Aramaic word that, when translated, has two separate and distinct meanings.”

– Steve Caruso

Mat 11:19 – Luk 7:35 OAV

“Die Seun van die mens het gekom—Hy eet en drink, en hulle sê: Dáár is ‘n mens wat ‘n vraat en ‘n wynsuiper is, ‘n vriend van tollenaars en sondaars. Maar die wysheid is geregverdig deur sy kinders.”

- Vertalings wat sê kinders (children) (Greek = ‘Teknon’), followers, sons or variations thereof: OAV, DARBY, Douay-Rheims, Geneva, ISV, KJ21, KJV, LITV, MKJV, NKJV, Webster, Wycliffe, YLT.
- Vertalings wat sê dade (deeds) (Greek = ‘Ergon’), works, actions or a variation thereof:
ALT, ASV, BBE, CEV, ESV, GodsWord, Holman, NASB, NIV, NIV-UK, NLT, Rotherham, RSV, TEV, WE, Weymouth

ܒܝܢܗ (bineh) "deeds"

ܒܢܗ (beneh) "sons / children"

Foutiewe lees van "children" is te kry in B2, C, D, K, L, X, Delta, Theta, Pi f1 28, 33, 565, 700, 892, 10107 en, nie verbasend, in albei die "Old-Syriac" manuskripte (Cureton en Siniatikus); terwyl daar sommige is wat beweer hulle is die oorspronklike.

In die Aramees van die Peshitta weergawe van Luka, is die woord wat gebruik word ܒܢܝܗ is deur Zorba verwar met ܒܢܝܗ en die ܗܗ einde, wat beteken 'seun, kind, nageslag met die einde 'Heh' ܗܗ wat besitting aandui en dat die wortel ܒܢܗ is, terwyl die wortel eintlik ܒܢܗܐ is met die einde 'Alaph' ܐܗܘܐ wat wegval en die "Yodh-Heh" ܗܘܗܐ einde wat besitting aandui = dade of werke.

- Dit is kragtige getuienis dat beide die Aleksandryne en Byzantynse families van die Griekse manuskripte, uit die Peshitta vertaal is.

=====

Mark 4:30 AOV “En Hy het gesê: Waarmee moet ons die koninkryk van God vergelyk, of met watter soort gelykenis moet ons dit voorstel?”

Vertalings wat sê **compare** or a variation thereof:

DARBY, Douay-Rheims, Geneva, GodsWord, KJ21, KJV, LITV, MKJV, NKJV, Webster, Wycliffe, YLT.

Vertalings wat sê **represent**, demonstrate, set forth, or a variation thereof: CEV, NASB, NIV, NIV-UK, NLT, TEV, Weymouth.

Nou, is dit so dat die Aramese woord נמתליה - גמלגא vertaal kan word om te beteken “om te vergelyk” en as “verteenwoordig” of “om te demonstreer”, wat weereens wys na ‘n oorspronklike Aramees.

=====

- **Yog 11:31 OAV:** “En toe die Jode wat by haar in die huis was en haar getroos het, sien dat Maria vinnig opstaan en uitgaan, het hulle haar gevolg en gesê: Sy gaan na die graf om daar te ween.”
- Vertalings wat sê “saying” or a variation thereof: ALT, DARBY, Douay-Rheims, Geneva, KJ21, KJV, LITV, MKJV, NKJV, WE, Webster, Wycliffe, YLT.
- Vertalings wat sê “thinking”, assuming or a variation thereof: AMP, ASV, BBE, CEV, ESV, GodsWord, Holman, ISV, MSG, NASB, NIV, NIV-UK, NLT, Rotherham, RSV, TEV, Weymouth.
- Byzantynse Meerderheids teks het λεγοντες (om te sê)
- Die Aleksandryne teks het δοξαντες (om te dink)

Hierdie 2 woorde kan nie maklik verwar word in vertaling nie??

Nou is dit net so dat die Aramese woord “sebarō” (ܫܒܪܘ) vertaal kan word as albei!

weereens, wys dit na 'n Aramese oorspronklike.

- **Hand 3:14 AOV** : “En julle het die Heilige en Regverdige verloën en gevra dat ‘n moordenaar aan julle geskenk sou word, ”
- PWL “maar julle het die Afgesonderde en Onskuldige Een verwerp en gevra dat ‘n moordenaar aan julle gegee sou word”
- Byzantynse en Aleksandrynse manuskripte het ἠρνησασθε wat “deny” of “reject” beteken.
- Die Codex D, van die Westerse familie, het εβαρυνατε, wat “irritate” beteken.
- Die Aramees in die Peshitta het ܟܪܬܘܢܐ (Kaparthon), wat beteken “you denied”. Dit is een letter verskillend van ܟܪܬܘܢܐܝܢܐ (Kadarthon) wat beteken “you irritated”.
- **Duidelik, die skepper van Codex D het gedink hy sien “kadarthon”, terwyl hy “kaparthon” gesien het.**

'n Duidelike bewys dat dit van 'n gesamentlike oorsprong af kom en verskillend gelees is.

■ **1Kor 13:3 Burn or boast? –**

OAV: “En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie..”

- Vertalings wat sê burned : ALT, AMP, ASV, BBE, CEV*, DARBY, Douay-Rheims, ESV*, Geneva, GodsWord, Holman, KJ21, KJV, LITV, MKJV, MSG, NASB*, NIV*, NIVUK, NKJV*, RSV, TEV, WE (Worldwide English), Webster, Weymouth, WYC (Wycliffe), YLT (Young’s Literal Translation).
- Vertalings wat sê boast : ISV, NLT (New Living Translation), Rotherham.

Nou is dit so dat die Aramese stamwoord  kan “to burn”, beteken of ook “to boast”.

Dit is duidelik dat die verskille tussen die Griekse teks, wys na ‘n **Aramese oorspronklike.**

Dieselfde is waar in die volgende gevalle

- 1Kor 11:10 - Power or covering? “sholtana” (שולטא)
- Open 6:15 - Those who are strong or who have power? “w'Khaylowtha”
שחלוא
- Luka 13:24 - the gate or door?
Byzantynse Meerderheidstekst het πυληζ wat 'gate' beteken, terwyl die Aleksandrynse teks θυραζ het wat 'door' beteken. “tarea” (תרה)
- Rom 8:24 - To hope or wait? שחך ("saky")
- Yog 3:15 - In Him, on Him or into Him? שחן voorsetsel ו plus manlik enkelvoud שחן
- Rom 5:7 – Iemand sal moeilik vir ‘n regverdige of vir ‘n bose man sterf ?
“bose” is שחיה Rasheya
“regverdig/onskuldig” is שחיה ("Reshyana")
שחיה - `ayin שחיה - nun
- Mat 19:12 / Hand 8:27 - Eunog of gelowige?
- שחיה שחיה שחיה שחיה het beide en ander betekenisse.
Kyk na Deut 23:1 vir Skriftuurlike bewys van die betekenis

■ 1 Kefa 3:13

Sommige Griekse tekse het μιμηται (imitators) en sommige het ζηλωται (zealous).

Nou is dit net so dat die Aramese woord ~~ܐܢܢܐ~~ tanana kan “to be zealous” beteken, maar dit kan ook “to imitate” beteken.

Bewys dat 1 Kefa geskryf is in **Aramees**

Hierdie twee betekenisse in verskillende kodekse van die Grieks wat ‘n dubbel betekenis of meer uit die Aramees voorstel is baie algemeen.

Die teenoorgestelde word nie gevind nie. Die Peshitta manuskripte het nie hierdie verskillende weergawes nie. Inderdaad, die Peshitta mss. het vir alle praktiese doeleindes geen groot verskille om te noem nie, behalwe in omtrent 10 plekke in die hele NV.

Daar is ook nie een Griekse kodeks wat regdeur ooreenstem met die Peshitta nie. In een plek mag die Kritiese teks Vatikanus of Sinaitikus saamstem en in die volgende vers die Meerderheidstekes. Die resultaat wissel. Dikwels verskil die Peshitta met al die Griekse kodekse. Dit is hoogs onwaarskynlik dat binne so ‘n senario die Peshitta ‘n vertaling kan wees van die Griekse NV.

Dit is ‘n Natuurlike gevolg as en is maklik verduidelikbaar deur ‘n Peshitta oorspronklike NV en ‘n Griekse vertaling.

Bewys deur I D I O M E

Baie verkondigers van die Griekse oorspronklike verklaar dat, omdat die skrywers Semities was, daar natuurlik Semitiese idiome sal wees, selfs as die boeke in Grieks geskryf is. Dit is 'n ongelooflike foutiewe denkwyse, want dit beteken dat die meerderheid ontvangers (sg. Grieke en nie Semiete nie) nie 'n idee het wat die skrywers van praat nie. Sekerlik sou God, met Sy meesterlike inspirasie kragte, in staat wees om die skrywers in 'n Griekse idioom te laat skryf sodat die sg. Griekssprekende ontvangers die boodskap kan verstaan. Dit het nooit gebeur nie. Selfs die Griekse kopieë het nie Griekse idiome nie, maar loop oor van Aramese denke. Gebaseer op Semitiese idiome alleen is dit veilig om te aanvaar dat die ontvangers van die NV boeke Semities was, of ten minste Aramees gepraat het.

Die NV het geen Griekse, maar 'n oorvloed Aramese idiome! Soms word die idiome letterlik vertaal en soms idiomaties. In werklikheid word baie van die teësprake en niksseggende gedeeltes in die NV veroorsaak deur letterlike vertalings van die idiome. Toe die oorspronklike Aramese NV in Grieks vertaal is, moes die vertalers verduidelikings van die idiome gegee het wat baie kopsere sou spaar (en in sommige gevalle mense se lewens) oor beweerde teësprake in die NV. (Die verstaan van Aramese idiome in die oorspronklike NV is onmisbaar in moderne gespreksvoering.)

Hierdie feite is ‘n stewige bewys van die Bybel se oorsprong uit Aramees, selfs die Sha’ul-briewe, wat aan Aramees-pratende mense gestuur is, al was hulle in die sentrum van die Griekssprekende wêreld. Dit bevestig die standpunt dat die briewe na Griekeland na die eerste gelowiges daar, wat uit Arameessprekendes bestaan het, gestuur is, wat bestaan het uit o.a. Y’hudahiete (wat die Gesalfde Een verwag het volgens die Tanakh) en Arameërs. **HIERDIE** mense sou die Aramese idiome verstaan het en die boodskap ten volle toepas in hulle lewens.

Is dit regtig so vergesog dat Aramees-sprekende skrywers hulle briewe in Aramees geskryf het – deur gebruik te maak van Aramese idiome - aan Aramees-sprekende mense?

1. Optel van slange – Mark 16:18

Ek kies hierdie as eerste voorbeeld, want dit is ‘n saak van lewe en dood.

Die AOV sê: “slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.”

Zorba het baie Oosterse idiome en metafore letterlik vertaal, onbewus van hulle regte betekenis. Byvoorbeeld, ‘Jy sal slange optel.’ Zorba het nie geweet dat die woord ‘slang’ verwys na ‘’n vyand’ nie.

‘n Beter vertaling vir die gedeelte sou wees: “hulle sal hulle vyande hanteer”.

Hierdie verkeerde vertaling het die lewens van baie mense gekos. George Went Hensley, vroeër ‘n pastoor van die “Church of God”, het ‘n Pinkster-groepie gevorm, wat gif gedrink en hulle aan giftige slange blootgestel het. Hy is dood van ‘n slangbyt, soos baie ander.

2. Kap dit af en pluk dit uit – Mark 9:43-47

■NB: Hierdie voorbeeld los ook die moontlike teenstrydigheid met 1Kor 6:19-20 op. (Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel van die Gees van Afsondering is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, nie? Julle behoort nie aan julleself nie, want julle is gekoop vir ‘n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort). Een deel van die Grieks vertel jou om God met jou liggaam te eer, omdat dit die tempel van God is en die ander beveel jou tot self-skending!

■Die AOV: “En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur, waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie. En as jou voet jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee

voete te hê en in die hel gewerp te word in die onuitbluslike vuur, waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie. En as jou oog jou laat struikel, pluk dit uit. Dit is beter vir jou om met een oog die koninkryk van God in te gaan, as om twee oë te hê en in die helse vuur gewerp te word,

Selfs vandag nog verstaan die Assiriërs wat Yeshua bedoel het toe Hy dit gesê het. Yeshua het gesê:

“As jy ‘n gewoonte het om te steel, stop dit”.

“As jy ‘n gewoonte het om te begeer, stop dit”.

“As jy ‘n gewoonte het om te oortree op ‘n ander se plek, stop dit”.

3. Oë van jou hart (binneste) – Efe 1:18

The NIV says: “I pray also that the eyes of your heart may be enlightened in order that you may know the hope to which he has called you, the riches of his glorious inheritance in the saints,”

OAV: “verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is,”

Nou die Aramese sin  (Ayna d'Lebwatkon) is 'n idioom en kan dus letterlik of idiomaties vertaal word.

Die "hart" is die geestelike orgaan van begrip en kennis.

Die Aleksandryne manuskripte (insluitend Tischendorf, Westcott & Hort en Nestle-Aland) behou die Aramese idioom letterlik, terwyl die Byzantynse teks 'n betekenisvolle vertaling gee.

Zorba het duidelik soms verstaan dat dit 'n idioom is wat Sha'ul gebruik en dit vrylik vertaal in 'n verstaanbare Grieks.

EN dit in 'n brief wat vir Grieke geskryf is! Dit blyk duidelik dat dit vir Semiete geskryf is in Griekeland.

4. Van die huishouding – Efe 2:19

Efe. 2:19 letterlik uit Aramees vertaal is: Daarom, julle is nie vreemdelinge of buitelanders nie, maar julle is seuns van die streek (provinsie) van die afgesonderdes en seuns van die huis van God (enkely.).

“seuns van die huis van...” is ‘n Semitiese idiomatiese uitdrukking wat beteken: “van die huishouding van...”

“Huis van God” is ‘n Semitiese eufimisme vir die Tempel.

Daar is meer: die Aramese woord vir seuns "ab-nay" is ‘n woordspeling op die Aramese woord vir bou in 2:20 "b'na" en die Aramese woord vir gebou "benyana" in 2:20-21 beide van die Aramese stam "'abna" (klip). ‘n Soortgelyke woordspeling is in die Aramees van Mat 3:9.

Sha’ul se oorgang van die idee van “seuns van die huis van God” (erfgename) in 2:19 na klippe van die huis van God (lede van die Tempel) in 2:20-21 is alles diep in die idioom en eufimisme van die Aramese woordspeling.

Hierdie oorgang is duidelik afhanklik van die Aramese teks in Efesiërs in die Peshitta. Dit werk nie in die Grieks of ander tale nie. Dit is nie net getuienis dat die boek Semitiese oorsprong het nie, maar help ook in die verstaan van Sha’ul se denkwyse.

5. Sy gesig was gerig – Luk 9:53

Die KJV says: “And they did not receive him, because his face was as though he would go to Jerusalem.”

Die AOV het verkies om die idioom heeltemal uit te laat.

Ons lees die Grieks:

"...omdat Sy gesig gerig was na Yerushalayim"

Wat beteken dit in Grieks?

In Semitiese idioom beteken dit: ‘Hy het vas besluit’, en is baie dikwels gebruik in Aramese spraak. Verwys na die volgende verse:

`Amos 9:4	Yir 3:12	Yir 21:10	Yir 42:15
Yir 44:12	2 Kon 12:17	Dan’el 11:17	Yeg 6:1
Yeg 13:17	Yeg 14:8	Yeg 15:7	

Die idioom is ook in die kommentaar deel van Luka, nie net die gespreksdeel waar ons weet Yeshua Aramees gepraat het nie. Dit is ook in vs 51.

6. Hulle gebedskassies en some – Mat 23:5

Greek:

τα κρασπεδα των ιματιων αυτων – *die some of kante van hulle klere*"

Peshitta:

ܩܪܫܦܝܢܐ ܕܝܡܝܬܝܢܐ ܕܗܘܢܐ - *“die tekhelet van hulle bokleed”*

'Tekhelet' is die korrekte Bybelse term – die naam van die blou lyn wat in die 'tzitzit', of tassels onderaand die bo-kleed moet wees.

Num 15:38 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle, hulle moet vir hulle tassels (Heb. *tzitzit*) maak aan die some van hul bo-klere, deur al hulle geslagte heen en hulle moet aan die tassel van elke soom ‘n lint van blou stof (*tekhelet*) vasbind.

Deut 22:12; Mat 23:5

Die Peshitta neem ‘n verstaan en begrip van Joodse gebruike aan en is meer spesifiek as die algemene soom ens.

Hoekom sal die Peshitta, as hy ‘n vertaling was, meer spesifiek wees as die Grieks?

7. Wie sal Sy nageslag aankondig? – Hand 8:33

AOV: “In sy vernedering is sy oordeel weggeneem, en wie sal sy geslag beskrywe? Want sy lewe word van die aarde weggeneem.”

"wie sal sy geslag beskrywe (verklaar)?" is 'n idioom wat rofweg beteken “Sy geslagslyn is afgesny”. Met ander woorde, Yeshua het geen lewende nageslag of afhanklikes nie... En dit is die konteks van die gedeelte wat kwoteer word in Yeshayahu.

(Let op dat baie anti-Peshitta verkondigers beweer dat die Peshitta verkies word deur kultisse en Gnostieke – hierdie openbaring dat Yeshua geen kinders gehad het nie weerspreek die Gnostiese leer dat Hy en Miryam van Migdala kinders gehad het).

In Semitiese gedagtegang is, "geslag" onafskeibaar verbind aan die genetiese lyn = nageslag. Dit beteken nooit net tydperk soos in Afr of Eng nie. Toe Mat en Luka die geslagsregister van Yeshua opskryf het, het dit by Hom gestop. Daar is niemand na Hom nie. Dit is die betekenis van Yeshayahu se profesie in **Yes 53:8** – “wie sal praat van Sy nageslag (generations)?" Yeshayahu leer ons dat Yeshua afgesny sal word sonder nageslag of geslagslyn.

8. Hoë berg – Mat 4:8 / Luka 4:5

AOV (Mat 4:8): “Weer neem die duiwel Hom saam na ‘n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid,

AOV (Luk 4:5): “Toe bring die duiwel Hom op ‘n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in ‘n oomblik se tyd.

Die term hoë berg is waarskynlik figuurlik gebruik. Dit verwys na die hoogste plek van menslike aspirasies. Hierdie was ‘n baie groter versoeking as die vorige twee, omdat Satan vir Yeshua die beste beloning aangebied het bekend aan die mens. Hy het al die koninkryke en hulle mag en praal aangebied.

Dit is belangrik om te weet dat die Berg van Versoeking in ‘n wildernis is en gelyk met seevlak. Daar is geen koninkryke of stede naby nie.

Dit maak slegs sin vanuit die Aramese idioom. Wat sal die doel wees om Yeshua op te neem na die hoogste berg in elk geval? Vanaf watter van die aarde se berge kan jy elke Koninkryk sien?

9. te gaan – Yog 12:11

AOV: “omdat baie van die Jode deur hom weggegaan en in Jesus geglo het.

PWL: “omdat baie van die Jode as gevolg van hom meer en meer in Yeshua vertrou het”

Een woord wat die Griekse vertalers baie keer verkeerd verstaan het is die Hebreeuse woord הלך en die Aramees ܠܝܫܘܢ wat gewoonlik beteken om “te gaan” of “weg te gaan,” maar wat ook idiomaties in Hebreeus en Aramees gebruik word om te beteken dat ‘n aksie voortgaan en meer en meer vorder. Hier is ‘n paar voorbeelde waar die woord gebruik word in die Tanakh. In elke geval is die Hebreeus הלך en die Aramees is ܠܝܫܘܢ in beide die Peshitta Tanakh en die Targums:

Die water het aanhoudend teruggetrek van die aarde af en die water het verminder aan die einde van honderd en vyftig dae. Gen 8:3

Die man het ryk geword en altyddeur gegroei in rykdom, totdat hy uitermate ryk was...Gen 26:13

Die hand van die seuns van Yisra’el het swaarder en swaarder gedruk op Yavin, die koning van Kena’an, Rigt 4:24

....en Dawid het stadigaan sterker geword,.... 2 Sh’m. 3:1

Hulle het weggegaan? Yoganan se bedoeling is sekerlik dat baie as gevolg van hom meer en meer in Yeshua vertrou het.

10. Seun van vrede – Luk 10:6

AOV: “ En as dáár ‘n man van vrede is, sal julle vrede op hom rus; anders sal dit tot julle terugkeer.

Die Aramees "**Bar Shlama**" beteken letterlik "seun van vrede", maar idiomaties is dit ‘n uitdrukking wat "harmonie" of "ooreenstemming," beteken – m.a.w. die teenoorgestelde van stryd.

Maar aangesien Zorba “seun van vrede ”, letterlik vertaal, is dit ‘n bewys dat dit van die Aramese oorspronklike af vertaal is. Zorba het dit letterlik vertaal omdat hy bes moontlik nie die idioom se betekenis geken het nie.

15. Hoe jou asem moet uitgaan – Luk 12:11-12

Die **KJV**: “And when they bring you unto the synagogues, and *unto* magistrates, and powers, take ye no thought how or what thing ye shall answer, or what ye shall say: For the Holy Ghost shall teach you in the same hour what ye ought to say.”

Zorba het nie geweet wat om met die Aramese idioom “hoe jou asem moet uitgaan”, te maak nie – dit beteken “hoe om jou gesprek saam te stel” (d.i., “om ordentlik te praat”)

Zorba het die deel met "hoe (Pos) of wat (Tis) jy moet sê", wat nie in die konteks sin maak nie, want dit word deur 'n "of"voorafgegaan soos die Grieks lees:

“moenie angstig wees (Merimnao) oor hoe of wat jy sal sê in jou verdediging nie”

Die Aramees lees:

“moenie angstig wees oor hoe om jou boodskap saam te stel nie of wat jy sal sê nie”

M.a.w. moenie bekommerd wees hoe jy sal praat of wat jy sal sê nie.

**Daar is ook 'n trippel woordspeling in die vers:
"Taspun", "Tapqun" and "Tamrun".**

Daar is ook 'n speling met die dubbel betekenis van die woord "Rukha" (Ruag in Hebreeus).....gees en asem, in vers 12 is dit duidelik hoe Yeshua met die betekenis speel.

"Want die Gees van Afsondering (Rukha d'Qudsha) sal vir jou sê wat om te sê"

Met ander woorde.....moenie bekommerd wees oor jou "rukha" "asem" nie, die Rukha d'Qudsha sal jou leer.

In die Grieks is alles hiervan verlore.

Daar is by my geen twyfel dat die Nuwe Verbond oorspronklik in Aramees geskryf is nie en ons moet dus 'n vertaling gebruik wat so direk moontlik uit die Aramees na Afrikaans vertaal is.

Alleen dan kan ons verklaar ons ken Sy wil en kan ons in oortuiging gehoorsaam.